

JONA

1 En die woord van יהוה het na Jona, die seun van Amittai, gekom en gesê:

² “Staan op, gaan na die groot stad Ninawê en roep daarteen uit, want hulle boosheid het voor My opgekom.”

³ Maar Jona het opgestaan om na Tarshish te vlug, weg van die gesig van יהוה, en hy het na Jafō afgegaan en ’n skip gevind wat na Tarshish gaan. En hy het die reisgeld daarvoor gegee en daarin afgelik om saam met hulle na Tarshish te gaan, weg vanaf die gesig van יהוה.

⁴ En יהוה het ’n sterk wind op die see afgegooi, en daar het ’n groot storm op die see ontstaan, en *hulle* het gedink die skip gaan uitmekaar breek.

⁵ En die seemans was bang en elkeen het na sy eloah geroep en die vraag wat in die skip was, in die see gegooi om hulle ligter te maak. Maar Jona het na die onderste dele van die skip afgegaan en gelê en het vas geslaap.

⁶ En die skeepskaptein na hom gekom en vir hom gesê: “Wat is dit met jou dat jy vas slaap? Staan op, roep na jou Eloah! Miskien sal die Elohim aan ons dink, dat ons nie vergaan nie.”

⁷ En hulle het vir mekaar gesê: “Kom en laat ons loot, sodat ons weet om wie se ontwil hierdie boosheid ons getref het. En hulle het geloot, en die lot het op Jona geval.

⁸ En hulle het vir hom gesê: “Vertel ons asseblief! Om wie se ontwil het hierdie boosheid ons getref? Wat is jou werk? En waar kom jy vandaan? Wat is jou geboorteland? En van watter volk is jy?”

⁹ En hy vir hulle gesê: “Ek is ’n Hebreër. En ek vrees יהוה, die Elohim van die hemele, wat die see en die droë land gemaak het.”

¹⁰ En die mans het baie bang geword en vir hom gesê: “Waarom het jy dit gedoen?”

Want die mans het geweet dat hy van die gesig van יהוה weggevlug het, want hy het hulle vertel.

¹¹ En hulle het vir hom gesê: “Wat moet ons met jou doen, om die see vir ons kalm te maak?” Want die see het al meer onstuimig geword.

¹² En hy het vir hulle gesê: “Neem my en gooi my in die see, dan sal die see vir julle kalm word. Want ek weet dat hierdie groot storm weens my oor julle gekom het.

¹³ Die mans het egter hard geroei om die skip na die land te bring, maar hulle kon nie, want die see het al meer onstuimig teen hulle geword.

¹⁴ En hulle het na יהוה geroep en gesê: “Ons smeek, יהוה, laat ons asseblief nie weens die lewe van hierdie man vergaan nie, en bring geen onskuldige bloed oor ons nie. Want U, יהוה, het volgens U wil gedoen.”

¹⁵ En hulle het Jona geneem en hom in die see gegooi. En die see se onstuimigheid het opgehou.

¹⁶ En die mans het יהוה met ’n groot vrees gevrees en ’n slagoffer aan יהוה gebring en geloftes gemaak.

¹⁷ En יהוה het ’n groot vis aangestel om Jona in te sluk. En Jona in die maag van die vis vir drie dae en drie nagte.

2 En Jona het tot יהוה sy Elohim uit die maag van die vis gebid

² en gesê: “Ek het יהוה weens my benoudheid aangeroep, en Hy het my geantwoord. Uit die holte van Sheol het ek om hulp geroep en U het my stem gehoor.

³ “Want U het my in die diepte gegooi, in die hart van die see, en ’n stroom het my omring. Al U branders en U golwe het oor my gegaan.

⁴ “En ek het gesê: ‘Ek is van u oë af

weggestoot. Sal ek weer U afgesonderde tempel aanskou?"

⁵ "Waters het my tot aan die lewe omsingel, die vloed was rondom my; seegras was om my kop gedraai.

⁶ "Ek het tot by die basis van die berge afgedaal, die grendels van die aarde het my vir ewig ingesluit. Maar U het my lewe uit die kuil opgetrek, יהוה my Elohim!

⁷ "Toe my lewe in my verflou het, het ek aan יהוה gedink. En my gebed het tot by U gekom in U afgesonderde tempel.

⁸ "Hulle wat na valse nietighede omsien, verlaat hulle guns.

⁹ "Maar ek offer aan U met 'n stem van lof, ek sal betaal wat ek beloof het. Verlossing is van יהוה."

¹⁰ En יהוה het met die vis gepraat en dit het Jona op die droë grond uitgespoeg.

3 En die woord van יהוה het vir die tweede keer na Jona gekom en gesê:

² "Staan op, gaan na Ninawě, die groot stad en roepteen dit die boodskap uit wat Ek jou sal sê."

³ En Jona het opgestaan en na Ninawě gegaan volgens die woord van יהוה. En Ninawě was 'n baie groot stad voor Elohim, drie dagreise.

⁴ En Jona het begin deur een dagreis in die stad te gaan en het uitgeroep en gesê: "Nog veertig dae, dan word Ninawě omgekeer."

⁵ En die mans van Ninawě het Elohim geglo en 'n vasdag uitgeroep, en hulle het rouklere aangetrek, van die grootste tot die kleinste.

⁶ En die saak het die koning van Ninawě bereik, en hy het van sy troon opgestaan en sy mantel afgehaal en hom in rouklere bedek in die as gesit.

⁷ En hy het in Ninawě uitgeroep en gesê: "Op besluit van die koning en sy grootstes: Geen mens of dier, beste of kleinvee mag aan iets proe nie, laat hulle nie wei of water drink nie.

⁸ "Maar mens en dier moet met rouklere bedek wees, en hulle moet kragtig na Elohim roep, en elkeen moet van sy bose weg omdraai en van die geweld aan sy hande.

⁹ "Wie weet of Elohim nie sal draai en versag nie, sodat Hy Hom van Sy brandende toorn sal wegdraai en ons nie vergaan nie?"

¹⁰ En Elohim het hulle werke gesien dat hulle van hu bose weg gedraai het. En Elohim het versag oor die teëspoed wat Hy gesê het Hy aan hulle sou doen, en Hy het dit nie gedoen nie.

4 Maar Jona was baie kwaad hieroor, hy was baie boos en woedend.

² En hy het tot יהוה gebid en gesê: "Ag, יהוה, was dit nie my gedagte terwyl ek nog in my land was nie? Daarom het ek voortgegaan en na Tarshish gevlug. Want ek het weet dat U 'n ěl is wat guns bewys en barmhartige, geduldig en van groot goedheid is, en versag om die boosheid te bring.

³ "En nou, יהוה, neem asseblief my lewe van my weg, want dit is vir my beter om te sterf as om te lewe!"

⁴ En יהוה het gesê: "Doen jy reg om woedend te wees?"

⁵ En Jona het uit die stad gegaan en aan die ooste van die stad gesit, en hy het vir hom 'n beskutting gemaak, en hy onder dit in die skadu gesit, om te sien wat met die stad sou gebeur.

⁶ En יהוה Elohim het 'n boom aangestel en dit oor Jona laat opskiet om skadu oor sy kop te wees, om hom van sy boosheid te verlos. En Jona was baie bly oor die boom.

⁷ Maar Elohim het 'n wurm aangestel die volgende môre met dagbreek, en dit het die boom getref, sodat dit verdroog het.

⁸ En toe die son opgekom het, het Elohim 'n brandende oostewind aangestel, en die son het op die kop van Jona getref, en hy het flou geword en vir sy lewe gevra om

JONA 4

te sterf, en gesê: "Dit is vir my beter om te sterf as om te lewe."

⁹ En Elohim het vir Jona gesê: "Doen jy reg om woedend oor die boom te wees?"

En hy het gesê: "Ek het reg om woedend te wees, selfs tot die dood toe!"

¹⁰ En יהוה het gesê: "Jy voel jammer vir die boom waaraan jy nie gearbei het nie en wat jy nie grootgemaak het nie, wat in een nag ontstaan en in een nag vergaan het.

¹¹ "En mag Ek Ninawê, die groot stad, nie vergewe nie, waarin meer as honderd en twintig duisend mense is wat nie hul regterhand van hulle linkerhand ken nie, en baie vee?"